Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

Pleinstraat 20, Posbus 735, Somerset-Wes, 7129 www.nghottentotsholland.co.za
**Tel:** 021 852 5004 **Epos:** admin@nghottentotsholland.co.za

# Mooiberge Bediening

## *Na die Kruine*

**Bediening van Jesus se versorgende en dienende liefde aan bejaarde, siek en eensame lidmate**

## Visie

**Om die versorgende liefde van Jesus Christus aan bejaarde en eensaam lidmate te bedien op só 'n manier dat hulle ervaar hulle vorm 'n onontbeerlike deel van ons geloofs-familie.**

**Kontakpersone:**

Hennie Fouché (Dominee verantwoordelik vir seniors)
021 852 5004; 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za

(Kerkraadslid verantwoordelik vir seniors)

## Hoe lyk hierdie bediening in die praktyk?

### 1. Geestelike ondersteuning

1.1. Bybelstudies, Eredienste en Nagmaalsdienste by tehuise

1.2. Uitsending van die eredienste na sommige tehuise vir bejaardes.

1.3. Voorsien die tydskrif "LIG" aan inwoners van tehuise

1.4. Pastorale ondersteuning deur dominee

1.5. Geestelike ondersteuningspan

- Bejaarde en eensame gemeentelede word ingedeel in wyke en word versorg deur diakens (gemeentelede wat hulle bereid verklaar om hierdie lidmate geestelik en emosioneel te ondersteun).
- Gemeentelede wat deel vorm van hierdie bediening, word toegerus hoe en wat om te doen.

### 2. Fisiese ondersteuning

2.1. Ondersteun senior persone uit die gemeenskap, wat fisiese nood ervaar. Daar bestaan 'n gemeentefonds, waarvan in sulke gevalle gebruik gemaak word. Die Diensgroep vir *Sorg aan Gemeentelede* besluit oor die toedeling van geld.

2.2. Voorsiening van broodjies / koekies / lekkernye aan inwoners van versorgingsoorde.

### 3. Sosiale ondersteuning

3.1. Saamkuier-geleenthede. Ten minste een maal per kwartaal word 'n kuier-geleentheid gehou. Ons nooi 'n gasspreker of

gaskunstenaar vir hierdie geleentheid en kuier daarna net lekker saam terwyl verversings geniet word.

3.2. Uitstappies. Ongeveer twee maal per jaar word uitstappies gereël na interessante plekke in die omgewing. Lidmate van die gemeente word gesubsidieer om op dié uitstappies te gaan

## 4. **<u>Wie is verantwoordelik vir die uitvoer van hierdie bediening</u>?**

Die Diensgroep vir Mooiberge Bediening. Hierdie diensgroep bestaan uit die kerkraadslid verantwoordelik vir senior lidmate, die betrokke dominee, verteenwoordigers van elke aspek van die bediening en enigiemand wat belangstel om saam te dink en te besin oor hierdie aspek van ons gemeente-wees.

## 5. **<u>Hoe kan ek deel raak van hierdie bediening</u>?**

5.1. Raak deel van die span wat Sondae die eredienste by die twee tehuise (waarheen die eredienste uitgesaai word) bywoon (vgl punt 1.2). Twee persone is elke Sondagoggend aan diens – een by Huis Vonke en een by Helderberg Lodge. Hulle neem die Familienuus en ander inligting daarheen, maak seker dat die uitsending "ontvang" word en woon die diens saam met die inwoners van die tehuis by.

5.2. Borg een of meer uitgawes van LIG tydskrif (R154 per jaar) (vgl punt 1.3).

5.3. Wees 'n diaken (vgl punt 1.5).

- Al die bejaarde en eensame lidmate van die gemeente word ingedeel in 'n groep van ongeveer vyf persone – wat ons 'n wyk noem. 'n Diaken is verantwoordelik om hierdie groep te besoek en as skakel van die gemeente op te tree.
- Indien jy aanbied om deel van hierdie ondersteuningspan te wees, het jy nou 'n keuse om óf 'n diaken vir 'n groep van ongeveer vyf persone te wees, óf om mense in nood (siekte, hartseer) by te staan vir 'n beperkte tyd.
- Vir beide groepe word daar toerusting verskaf en sal jy versoek word om wel die toerusting by te woon.

5.4 Gee 'n geloofsgelofte-offer of donasie vir "Afgetredenes" – wat spesifiek gebruik word om senior persone wat fisiese nood ervaar, te help (vgl punt 2.1).

5.5 Borg 'n persoon om op 'n uitstappie te gaan (vgl punt 3.2).

5.6 Raak deel van die span wat broodjies en verversings neem vir die mense Helderberg Lodge. Jy kan self besluit hoe gereeld jy kans sien om broodjies of lekkernye te voorsien. Hoe meer mense deel van hierdie bediening word, hoe meer inwoners van die siekeboë kan hierby baat vind.

5.7 Bied aan om verversings te voorsien vir die funksies vir seniors (vgl punt 3.1).

5.8 Gee inligting van persone en/of groepe wat genooi kan word om by die funksies vir seniors op te tree (vgl punt 3.1).

5.9 Gee inligting van interessante of mooi plekke waarheen seniors op uitstappies geneem kan word (vgl punt 3.2).

5.10 Raak deel van die diensgroep vir afgetredenes – om hierdie bediening van ons gemeente te beplan (vgl punt 4).

<u>Bankbeonderhede</u>: ABSA; NG Kerk Hottentots-Holland; Rek no: 2900590051; Takkode: 632005; Verwysing: Mooiberge / LIG / Uitstappies